

Jaargang 3 Uitgawe 5 R8,50
ink

Vrydag

10 Maart

2017

Silwerwenner in Basa se kunsjoernalistiek-toekennings

Braam de Vries Bl. 5

Foto: NARDUS ENGELBRECHT

Gaan na afrikaans.com. Die platform vir
alles oor Afrikaans.



afrikaans.com

" SY VANG DIE WOORDE
IN HAAR NET
SLYP HAAR WOORDE
TEEN DIE ROTS
SY BAK HAAR WOORDE
IN DIE VUUR
EN DIE NOORDEWIND KOM
EN HAAR WOORDE WAAI VER
HAAR WOORDE WORD SAAD
DIE SAAD WORD 'N STER "

- AMANDA STRYDOM,
BOORD VAN NOORDE

Elke woord is 'n meesterstuk.

Kom luister na die stroopsoet klanke en
bitter mooi lirieke van onder andere
Francois van Coke, Zolani Mahola,
Theuns Jordaan, Elvis Blue en Laurika Rauch.
Die 2017 Sanlam Musiekfees, 3-12 Maart.
www.sanlam.co.za/sponsorships



Sanlam
Welvaartmeesters

Universiteit Stellenbosch
Woordfees

in trotse samewerking met



Agter Tannie Evita pryk pres. Jacob Zuma se storkop en 'n klein Desmond Tutu. Die leë stoele verteenwoordig voormalige eerste ministers en presidente – BJ Vorster, DF Malan, HF Verwoerd en PW Botha. FW de Klerk, sê Tannie Evita, het sy stoel huis toe gevat. FOTO: NATALIE GABRIELS

‘Skattie, kyk ’n slag in die spieël’

#EvitaWon'tFall. Toneel.
Stadsaal. 8 Maart om 20:00.

Vir dié wat nie weet nie, Evita Bezuidenhout, gebore Evangelie Poggenpoel, die bekendste wit vrou in Suid-Afrika, voormalige NP-lid en ambassadeur na die Republiek van Bapetikosweti, voorvatter-boervrou, bobotiema-ker, koeksuster-kenner, jare lange vriendin van Desmond Tutu en voorheen jare lange vriendin van Nelson Rolihlahla Mandela, is tans 'n lid van die ANC en werk in die kombuis in Luthuli-huis. Omdat almal in die ANC tans op dieet is. Haar dieet. Hoewel dit bietjie suikerkom koeksusters sonder suiker te maak, sê sy.

Deel van #EvitaWon'tFall bestaan uit Evita wat verduidelik waarom presies sy deel geword het van die ANC. Dit is 'n uitgebreide

verhaal waarmee net sy 'n mens nie verveel nie. So, ek gaan nie eens probeer om dit oor te vertel nie.

Evita is al 81 (Pieter-Dirk Uys is 71), en sy stoom nog voort. In #EvitaWon'tFall praat sy hoofsaaklik oor haar dag, hoe sy gesukkel het om van Johannesburg tot in die Kaap te kom, hoe sy vashaak in die parlement en by Tuinhuis en op 'n kas afkom wat jare lank al toegesluit staan. Binne-in vind sy onder meer drie biografieë: Nelson Mandela s'n, Thabo Mbeki s'n en Jacob Zuma s'n. Twee is dik, en een baie dun. Dik- en dun-verge-lykings volg.

Sy maak grappe hieroor, sy raak kwaad hieroor, en deur dit alles hang jy aan haar lippe.

Evita doen wat geen ander persoon, of miskien geen ander kome- diant, in hierdie land kan doen nie.

Sy kan enigiets sê oor wit mense en die destydse regering en hulle op haar manier uitmekaartrek. Maar sy doen dieselfde met swart mense, bruin mense, Chinese, Indiërs, Amerikaners, Britte en veral Nederlanders.

Sy't vir die Nederlanders in die gehoor gevra wanneer hulle uiteinde-lik nou eendag vir apartheid gaan verskoning vra en waarom hulle vir ons so klomp rubbish soos Jan van Riebeeck na die suid- punt van Afrika gestuur het.

Sy raak kwaad vir mense wat sê dat Nelson Mandela sy onder- drukkings te genadig was, en in die proses swart mense te na gekom het: "Nelson Mandela 'n sellout? My magtig, hy was 'n staatsman! Hy kon negotiate!"

Sy's jaloers op nie-Afrikaners se kultuur en geskiedenis. "Ons almal weet Afrikaner-geskiedenis is in

Pretoria opgemaak deur 'n man agter 'n lessenaar."

Sy spot met klomp mense gelyktydig: "Jacob Zuma kom nooit Kaap toe nie, want hy's te bang vir die kleurlinge." Natuurlik raak sy onlangse nuusgebeure ook aan, soos Sona. "The police never came into parliament during the old days because they were already inside!"

Maar deur dit alles bly sy statig, netjies, en verloor nooit haar humeur nie.

Evita is een van die min stand- up comics (sy is deels dit, maar ook baie meer) wat 'n mens kan laat lag, maar ook skielik baie ernstig kan raak. Sy vertel hoe Donald Trump haar in 'n hysbak in New York in Trump Tower bevoel het, maar raak onmiddellik daarna ernstig oor seksuele teistering. Moet 'n mens lag? Huil?

Sy is nou te oud om net oor ditjies en datjies te praat – nie dat sy ooit het nie. Maar die dringend- heid van goed wat sy wil sê kom sterk deur. Wat maak dat #Evita- Won'tFall meer soos vertellings voel as grappe met 'n punchline.

Dit is min dat jy voel jy wil uitbundig lag, maar ek weet nie of dit ooit die punt was van Evita se stories nie. Wat sy sê het miskien nie meer so skerp angel nie, daar is deesdae so 'n oorvloed sosiale kommentaar aanlyn beskikbaar dat mens soms voel jy het al alles gehoor. Maar tog sny sy deur die bull. Sy maak 'n pleidooi dat mense na hulself moet kyk. "Look at yourself in the mirror, en sê skattie, jy is ook belangrik."

Sy staan vir demokrasie en wil nie hê ons moet val nie. Ek dink nie sy gaan ooit nie. Dankie tog. – Naudé van der Merwe

Trotse borg en lid van die

WORDFEES - FAMILiE

MEDIA24

Ons verryk lewens 24/7

Toneel

The Fall. Toneel. Hoërskool Cloeteville. Môre om 17:00 en 20:30, 12 Maart om 10:00.

‘Ek is 22 jaar oud. Ek is te jonk om sulke groot besluite te moet neem,’ sê die swart vrouestudent met trane wat oor haar wange rol.

Sy en ses ander studente van die Universiteit van Kaapstad het pas die studentebetogings van die afgelope twee jaar op die verhoog lewendig gemaak. Dit was ’n pynlike herbesoek. ’n Ontstellende een. Maar ’n broodnodige een.

Die jaar 2015 was ’n waterskeidingsjaar in die land se geskiedenis. Doelbewus sonder die hulp van politici, het studente die stryd begin teen verhoging van klasgelde, begin skop teen Eurosentriese geskiedenis, begin skree vir dekolonisasie van Suid-Afrika se tersiêre instellings.

Wat begin het as #RhodesMustFall – ’n oproep vir die verwydering van die standbeeld van die mynmagnaat Cecil John Rhodes op kampus, het uiteindelik gelei tot #FeesMustFall. Die #Fall-term het nou amper volksbesit geword.

Gister was die studente se stryd gestroop van die ander geraas wat die aandag van hul baie pertinente kwessies aflei – geen polisie, geen waterkanonne, geen skokgranate en traangas, geen reuk van brandende buitebande.

Al wat daar op die verhoog oorgebly het, was ’n weerloosheid en frustrasie.

“Julle wit uitnemendheid word nooit êrens weggesteek nie. Dis daar vir die wêreld om te sien en te waardeer,” sê die een student.

“Ek is moeg. Moeg van myself te moet bewys. Van oor die een hekkie kom en dan is die volgende een al weer daar.”

Dit is ook nie net #FeesMustFall nie.

“Binne minute het ons gegaan van studenteprotesteerders tot MK’s (uMkhonto we Sizwe, die gewapende arm van die vryheidstryd),” beskryf een student hoe die beweging by die Universiteit van Kaapstad momentum gekry het.

En toe die #Fees val, toe maak dit plek vir die ander brandpunte om na die oppervlak te kom. Daar was genderstryd, ’n totale aanslag teen die patriargale stelsel en ’n fakkels vir die bevordering van interseksionaliteit. Daar is ook die stryd vir uitgekонтakteerde werkers om vas aangestel te word by die universiteit.

Daar is selfs die studente se opmars na die parlement teen die xenofobie aanvalle.

Die stuk is gefasiliteer deur Clare Stopford, en geregisseer deur Ameera Conrad en Thando



Die geselskap van The Fall gee stem aan die studenteprotes. FOTO’S: NATALIE GABRIELS

Eerlik en noodsaaklik



Kerwin Jacobs, ’n student, word ná die emosionele drama deur een van die akteurs getroos.

Mangcu, twee van die akteurs.

Die toneelstuk verweef al dié elemente in fyn georkestreerde detail – en dit is soms subtiel, soms gryp dit jou voor die bors – maar alles werk meesterlik om die storie van studente se stryd te vertel.

Dit bied ’n baie insiggewende blik van die stryd en wroeging tussen reg en verkeerd en uit wie se oogpunt dié lig en donker uitspeel.

Wat die hoofstroomnuus wys,

is meestal die singende, gillende student wat afbreek en brandsteek en vernietig. Wat die verhoogstuk doen is om die stem te verhef van diegene wie se stemme nie gewoonlik gehoor word nie – dié studente wat weet iets is verkeerd, maar hulle weet nie hoe nou vorentoe nie.

Wat as gematigde deelnemers aan die stryd begin en dan, hoe dieper hulle ingetrek word, al hoe

meer woedend raak oor ongeregighede. Dit skep ook die beeld van selfs die fanatiese strydvaarders wat die stem van besinning en gematigheid word.

Een van die aspekte wat sterk deurkom, is hoe selfs diegene wat baklei teen ongeregigheid, hulself skuldig maak aan diskriminasie – in dié geval geslagsdiskriminasie – en daar is gelaai oomblikke in die stuk waarin dié stryd uitwoed.

Die gehoor is vooraf gewaarsku dat die toneelstuk emosies kan aanwakker, veral by studente wat by die protesoptredes betrokke was. En dit was ook so.

Die mees emosionele deel van die stuk het afgespeel in die gehoor, weg van die verhoog.

Daar het die 20-jarige Kerwin Jacobs gesit, weerloos, bang en onseker. En hy het gehuil, rou snikke, onbeskaamd. Om hom het vriende en vreemdelinge geskaar, almal kwalik met ’n droë oog toe hulle hom probeer troos.

Hy huil oor ’n hopelose realiteit vir bruin en swart studente, vertel hy later ná ’n ontloadingsessie met ’n berader.

“Sommige dae wil jy nie wakker word nie, want dan moet jy begin dink aan die probleem wat jou in die gesig staar, net soos die vrou in die play gesê het.”

Jacobs, seun van ’n enkelma, is ’n tweedejaarstudent in BA Sosiale Dinamika aan die Universiteit Stellenbosch, en sê sy is ’n polisievrout. Vir hom was die probleem nie om tot op universiteit te kom nie, maar hoe om hier te oorleef.

“Soms het jy net genoeg geld om hier te kom, maar jy kan nie oorleef nie, jy kan dit eenvoudig nie bekostig nie.”

In 2015 het hy nog die studenteprotes van ’n afstand beskou; in 2016 was hy midde-in die protes.

Sy trane, vertel hy, was omdat die verhoogstuk die roof afgetrek het van ’n seerplek wat nog lank nie gesond is nie.

“Die universiteit gebruik sy stem om ons stil te maak. Ná hulle ons opgefok het, geskors het, interdike teen ons gekry het – toe vat hulle ons issues en maak dit hulle s’n.

“Ons ervaar dit as deeply invalidating, deeply dehumanising.”

En ja, soos in die stuk gesê is, die diskriminasie op kampusse is nie ooglopend nie, dis subtiel, veilig verskans tussen tradisie, toelating, beurse, onderrigtaal.

Met die trane vir eers afgedroog, wil Jacobs vorentoe kyk, maar sy stryd gaan voort sodat sy jonger suster eendag dié stryd gespaar bly.

“Ek hoop dit sal nooit nodig wees vir haar om te protesteer nie. Sy moenie weet hoe voel traangas of klink ’n skokgranaat nie.

“Ek wil hê sy moet toegang hê tot ’n universiteit wat nie net ingestel is op kommersiële gewin nie.

“Ek wil hê sy moet studeer sonder om te worry hoe my ma die huishouding aan die gang kan hou.” – Jo-Ann Floris

The Fall is van 8 tot 24 Junie terug in die Baxter-teater in Kaapstad nadat dit in Oktober verlede jaar vol sale getrek het.

Abraham de Vries vier 80

Die koning van kortkuns

Skrywersfees. 33 Dine
@ The Private Hotel School.
Gister om 13:00 tot 15:00.

Vir iemand wat homself met kortkuns bemoei, is twee uur werklik nie lank genoeg om na Abraham H. de Vries te luister nie. De Vries, oftewel Braam, het gister met sy kenmerkende wit bokbaardjie sonder snor die meestal ouer gehoor getrakteer op verhale, staaltjies en vertellings oor en van die kortverhaal.

Ná 'n aanvanklike aandra van kerse en rondskuif van stoele ná 'n kragonderbreking, het Christine Barkhuizen-le Roux vir Braam deur sy passies geneem.

Buite, hier net om die draai van Vlottenburg, het die Bolandse sonbesies 'n eiesoortige storie saam vertel.

“Die belangrikste van storie-skrywery is die vermoë om goed saam te voeg wat normaalweg totaal en al nie saamgaan nie,” het Braam weggeval pas nadat die gaste hul voorgereg geëet het.

Barkhuizen-le Roux het Braam gepols oor die stories wat hul ontstaan gehad het uit die monde van mense soos Izak Bruwer en Stanley de Witt.

“Izak het vir jou baie dinge vertel... het jy die woorde in sy mond gesit? Of, in sy mond in gelieg?” het Barkhuizen-le Roux gevra.

En toe sê Braam hy't per geleentheid 'n hele klomp Klein-Karoo-verhale “bymeekaargesit” in 'n bundel wat hy aan Izak opgedra het.

“Die uitgewer het dit toe vir hom in 'n leerband gebind en ek het dit vir hom by die KKNK gegee... hy was heeltemal oorweldig.

“Toe't hy vir my gesê hy't die stories nou gelees en ek sê in die stories hy het dit vir my vertel,



Braam de Vries en sy vrou, Hannie, gister by die viering. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

maar hy kan nie onthou dat hy dit vir my vertel het nie.

“Toe sê hy hy wonder nou net van dié stories as hý dit weer vertel, mag hy maar sê ek het dit vir hóm vertel?” het Braam onder luide gelag gesê.

En hoe het Izak se dood Braam se skryfwerk beïnvloed?

“Baie,” het Braam bloot gesê, en toe: “Om die eenvoudige rede dat daar skielik 'n stem verlore gegaan het.

“Jy weet, 'n mens kan 'n stem onthou. Maar lateraan verdwyn

hy... Izak het 'n manier gehad om 'n storie te vertel wat niemand anderste gehad het nie...”

Barkhuizen-le Roux het gesê baie mense maak die fout dat 'n mens net komiese, of kontreiverhale, skryf.

“Jong, die ouens op die radio het kontreiverhale eintlik bietjie van 'n slegte naam gegee, want mense het begin dink dis grappe.

“Party van die goed is grappe, maar daar is niks – Hennie Aucamp het dit op 'n keer gesê – aan menswees wat jy in gróót


romans teekom... wat nie ook in kortverhale kom nie.

“'n Kortverhaal se kortgeid het niks te doen met of dit 'n kontreiverhaal is nie... daar is niks in 'n roman wat nie ook kan voorkom in 'n kortverhaal nie.”

En dan skuif die gryskop-bokbaard so bietjie reg en sê:

“'n Kortverhaal skep liefhebbers. 'n Roman skep lesers. En dié twee is nie dieselfde nie.”

En ons kan maar luister... Want die koning van die kortverhaal het gepraat. – Jo Prins



ONTDEK 'n NUWE Wêreld

saam met die ATKV

BY VANJAAR SE US WOORDFEES!

ATKV BOEKE OASE

Ons omvangryke boekwinkel is terug met 'n fees van boeke vir oud en jonk. Ontmoet jou gunstelingskrywers en kuier saam rondom boeke in die hartjie van die US Woordfees.

Vanjaar by die US Woordfees!
Die ATKV se suksesvolle digkuns-animasieprojek word voortgesit met die bekendstelling van Filmverse 2 - 'n visuele bloemlesing van 12 gedigte. Daaglik van 09:00 tot 17:00 in die US Museum-lesinglokaal. Gratis. DVD beskikbaar by die ATKV-Boeke-oase.

KOM PRAAT SAAM EN WORD WYS:
11 MAART om 10:30, BIBSAAL, Gratis!
Jongmense kom vertel die vorige geslag waar hulle Afrikaans oor 20 jaar graag sal wil sien. Met Albie Sachs en Saartjie Botha as gespreksleiers.

MÔRE, 11 MAART SE PROGRAM IN DIE ATKV-BOEKTENT:

10:30	DAN SLEIGH: 1795
12:00	ANDY MARTIN: REACHER SAID NOTHING
14:00	E KOTZE: SOETLOOP
17:00	DIGTERSPARADYS

#ONTDEKAFRIKAANS

Kom maak 'n draai by ons stalletjie in Die Plataan by die ATKV-Boektent. Word 'n ATKV-lid en staan 'n kans om 'n luukse Slanghoek Villa-naweekwegbreek van ATKV-Goudini Spa* of 'n geskenkpak te wen!
*Bepalings en voorwaardes geld.

@ATKVSA

ATKVSA

www.atkv.org.za

Diskoers

Woensdagaand is die akuele program *kykNET Verslag In Gesprek* as deel van die Woordfees regstreeks vanaf die historiese Lanzerac-hotel (sedert 1692) uitgesaai. Dit was ook 'n geskiedkundige aand omdat dié program vir die heel eerste keer voor 'n gehoor op die kassie te sien was.

Die aanbieder is die redakteur van *Rapport*, Waldimar Pelser, en die gasjoernalis vir die aand was die gesoute koerantman Tim du Plessis. Omdat dit nog nooit voorheen gebeur het nie, was daar uiteraard hoë spanningsvlakke voor die geleentheid, wat dit net nog meer opwindend gemaak het. Ja, mense wat adrenaliniekunksies is, word soos wilde motte na flikkerende kerslig gelok as dit by sulke geleenthede kom.

Ek het 'n ruk in televisie gewerk. Ervaring het geleer as iets kan verkeerd loop met 'n regstreekse uitsending, sal die gode dit dan ook so bewimpel: Goed waaraan jy glad nie gedink het nie, word skielik 'n probleem minute of sekondes voor jy op die lug gaan.

Die reuk van adrenalinie was dus dik in die lug, hoewel die ateljeegaste salig onbewus was van al die aksie en fyn beplanning agter die skerms. Reeds met die aankoms, as jy op die pad na die ingang onder die ou bome ry, is daar 'n gevoel van swier en afwagting.

Vooraf is heerlike wyn bedien in 'n deftige ontvangslokaal. Jy kon jouself as 'n karakter in *Sewe dae by die Silbersteins* voorstel. Welgevonden se Jock kon enige oomblik sy verskyning maak om jou glas weer vol te maak.

Gaste wat onder andere opgemerk is, was die skrywer Irma Joubert en haar seun, die politieke joernalis Jan-Jan. Gerhard van Niekerk, op sy dag grootbaas van Ou Mutual, asook die grand dame van die joernalistiek, Martie Retief-Meiring. Prof. Desmond Painter, digterskrywer en dosent in sielkunde, was ook daar.

Tussen die groot kokkedore was daar gewone sterweling wat wou kom koekeloer na die aanbieder en sy gaste, en die opwinding van die oomblik ervaar. Drie jong vroue wat seker honderde selfies binne minute geneem het, het ook rinkink tussen die gehoor.

In die foyer vertel Marguelette



Regstreeks en opwindend

Louw, die produksiebestuurder, van al die voorafbeplanning wat in net een uur se uitsending gaan. Behalwe vir die navorsing, inhoud en die reël van die regte gaste wat genooi is vir die onderhoude, is daar 'n magdom tegniese goed wat uitgesorteer moet word.

Eers moes hulle die regte venue vir so 'n geleentheid opspoor. Heelparty plekke is besigtig, maar daar is op die Lanzerac besluit. Die stel moet net reg lyk, met water vir droë kele en gemakstoele. Dan is daar die grimering, kameras, mikrofone, noem maar op.

"Ons het 17 mense afgevlug vir hierdie show," vertel Marguelette. "Mense soos die inhoudsbestuurder, vloerbestuurder, tegniese personeel, klankmense en kameramanne.

"Van die toerusting moes ons hier in die Kaap huur. Ons is al van seweur vanoggend aan die werk en beplan," vertel sy. "O, en dan is daar ook die onvoorsiene dramas soos gaste wat 10 minute voor die tyd kanselleer. Ek jok nie! Gelukkig nie vanaand nie."

“

Die vloerbestuurder, 'n gawe, lang maer man wat soos 'n uitroep-teken lyk, begin tel, vanaf tien tot een. In 'n stadium het die uitroep-teken se koppie begin samba en tril soos die spanning toeneem. Wie s'n sou nie?

Die program is 'n uur lank en so tien minute voor 21:30 is die publiek ingenooi. Ons het gaan sit en die horlosie het begin tik. Die eerste politieke ontleders en opinionistas vir die paneelbespreking is gevra om te kom sit.

Hulle was Melanie Verwoerd, prof. Andries Bezuidenhout en dr. Leslie van Rooi, wat kom praat het oor die verharding van politieke sentiment in Suid-Afrika.

Dr. Leslie van Rooi is hoof van die Frederik Van Zyl Slabbert-instituut, prof. Andries (Roof) Bezuidenhout, sosioloog van die Universiteit van Pretoria (ook kunstenaar, digter, musikant), en Melanie Verwoerd is 'n gesoute politieke kommentator.

Die vloerbestuurder, 'n gawe, lang maer man wat soos 'n uitroep-teken lyk, begin tel, vanaf tien tot een. In 'n stadium het die uitroep-teken se koppie begin samba en tril soos die spanning toeneem. Wie s'n sou nie?

Stilte sak toe, die kenwysie speel, en daar word direk na Waldimar op die trappe van die

ingang na die hotel oorgeskakel.

Dit is die scene setter soos dit genoem kan word, waar hy kortliks die kykers verwelkom, en 'n opsomming van die onderwerp gee. Hierdie is soos die eerste paragraaf in 'n artikel of boek, verloor jy jou leser of kyker hier, dan is dit neusie verby.

Die aanbieder is keurig uitgevat en sy persoonlikheid, styl van onderhoude voer en vinnige manier om direk by die punt uit te kom, maak van hom 'n uiters bekwame gasheer. Die gesprek is oor die verharding van politieke sentiment in Suid-Afrika. Die truuk hier is om die regte vrae te vra, goed ingelig te wees, en jou deelnemers te laat fokus.

Daar is nie tyd om oor koeitjies en kalfies te praat nie, maar tog moet die balans van so 'n aard wees dat jy nie jou kykers verveel met talking heads wat bo-oor die koppe van Jan Publiek praat nie. Dit alles het Waldimar en sy groep eksperts baie goed navigeer.

Prof. Bezuidenhout het onder meer gesê Suid-Afrika het 'n tweeledige oorgang ondergaan – politieke demokratisering, wat saam met ekonomiese liberalisering gebeur het. Die ekonomiese oorgang het ons baie vinnig deel gemaak van 'n globaliserende wêreld.

Die gevolg was soms die vernietiging van werksgeleenthede, soos klere- en skoensfabrieke. Die gevaar is dat werkloosheid maak dat mense demokrasie assosieer met die onsekerheid wat ekonomiese globalisering veroorsaak. Oor sosiale media het hy gesê dit kan ook positief wees, dit gaan nie net oor trolle en eggokamers nie, maar ook soms sinvolle debatte.

Die program het palingglad verloop, daar was nie een ongelukkie of skielike insinking nie. As iemand met ondervinding in die TV-bedryf kan hierdie joernalis eerlik bieë: Welgedaan, hierdie was puik vermaak en boonop leersaam daarby.

My versoek vir volgende jaar dus is: Meer!

Dis soos die woorde van Charles Dickens in *Oliver Twist*: "He rose from the table; and advancing to the master, basin and spoon in hand, said: somewhat alarmed at his own temerity: 'Please, sir, I want some more.'"

– Herman Lategan



Waldimar Pelser bespreek die looporde van die program met lede van kykNET se produksiespan. Rudi Botha is links en Wilma Stander-Gunter is regs.



Dawid Burger, die vloerbestuurder, maak seker twee van die gaste, prof. Andries Bezuidenhout, sosioloog van Tukkies, en Melanie Verwoerd, politieke kommentator, het water.

DIE US WOORDFEES IS KONTANTVRY MET STANDARD BANK!

Hoe werk die Standard Bank-FEESKAART?



1.

KRY JOU KAART

Koop jou kaart by enige Standard Bank-laaistasie teen **R10**



2.

LAAI JOU KAART

Laai jou kaart by een van die Standard Bank-laaistasies, wat **kontant**, **debiet**- of **kredietkaarte** aanvaar.



3.

GEBRUIK JOU KAART

Gebruik jou kaart om **kaartjies** te koop vir vertonings by alle feesvenues. Koop by die **ATKV-Boekwinkel**, **fees-stalletjies** en **fees-kroeë**. Kaarte kan slegs by die US Woordfees gebruik word.



4.

KONTANT-ONTTREKKINGS

SMS jou kaartnommer na **43553** en volg verdere stappe. Let ook daarop dat 'n fooi gehef word gelykstaande aan OTM-fooie.

Toneel

Groot skoene, dapper poging

Martelsang. Toneel. Hoërskool Stellenbosch. Vandag om 15:00, 11 Maart om 17:00 en 12 Maart om 10:00.

Die geselskap van *Martelsang*, 'n vertaling deur Saartjie Botha van die Argentyns-Chileense dramaturg en skrywer Ariel Dorfman se bekende drama *Death and the Maiden*, het groot skoene om vol te staan.

Die Engelstalige weergawe is al wêreldwyd opgevoer met van die grootste name voor én agter die skerm. Die bekendste is seker die oorspronklike Broadway-speelvak wat op 17 Maart 1992 (byna 25 jaar gelede) geopen het met Glenn Close, Richard Dreyfuss en Gene Hackman en Mike Nichols in die regisseurstoel.

'n Brilljante weergawe wat waarskynlik deur selfs meer mense gesien is, is 'n filmweergawe met Sigourney Weaver, Ben Kingsley en Stuart Wilson. Die omstrede regisseur Roman Polanski was daar aan die stuur van sake. Die gelyknamige werk van Schubert wat tot die titel van die stuk aanleiding gegee het, is in die flik met groot dramatiese effek gebruik.

Dorfman verduidelik êrens dat hy voortdurend probeer vasstel hoe 'n mens getrou kan bly aan 'n ervaring wat min mense eintlik verstaan, byvoorbeeld dat die meeste van jou vriende verdwyn het of gemartel is, en dat jy terselfdertyd die storie sô vertel dat mense van elders hul eie lewens daarin sal herken.



Stian Bam en Lee-Ann van Rooi in Martelsang. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Death and the Maiden, oftewel *Martelsang*, handel oor wat gebeur as 'n vrou te doen kry met 'n man wat sy glo haar leed aangedoen het tydens 'n vroeëre diktatoriale politieke bestel in Chile. Dorfman was 'n geswore en uitgesproke vyand van die Chileense diktator genl. Augusto Pinochet. As daar nou één land is waar dié toneelstuk

sal resoneer, is dit Suid-Afrika. Davids sien die geleentheid raak en hy verplaas die toneelstuk hierheen. Hy sorg ook dat hy werk met 'n sterbelaaide en ervare rolverdeling, naamlik Lee-Ann van Rooi as Pauline Daniels, Zane Meas as haar man, adv. Gerard Daniels, en Stian Bam as dr. Robert Smit.

Meas se karakter, adv. Daniels, is pas deur die president genader om in 'n tweede WVK te dien om sake aan te hoor wat nie deur die eerste WVK gedek is nie. Sy vrou, Pauline, voer 'n stryd met haar eie duiwels weens marteling wat sy in die apartheidsjare ondergaan het, insluitend veelvuldige verkragtings. Pauline se frustrasie

met die WVK-proses en haar omstandighede word verwoord in stellings soos "Ons gaan nog versmoor van al die kalmte" en vrae soos "Hoekom is dit altyd mense soos ek wat moet toegee?". Dit alles dui op die vraagstukke wat nog opgelos moet word.

Die derde karakter, dr. Robert Smit (wat 'n ironiese naamkeuse), is nie wat hy voorgee om te wees nie, of is hy? Die spannende verloop van gebeure dwing die aksie tot by dié kernvraag.

Of daar wel 'n klinkklare antwoord is wat alles sal oplos, kan 'n mens nie hier verklap nie.

'n Mens het die gevoel gekry dat die toneelstuk nog nie ingespeel is nie. Gevolglik het dit nie die aandag deurgaans gehou nie.

Van die akteurs was met die eerste opvoering ook nog nie heeltemal woordvas nie en dís dodelik vir die uitbou van 'n spanningslyn. Daar moet ook daarteen gewaak word dat die subtiliteit van die oorspronklike verlore raak in die verplasing en dat leidrade oor Pauline se intensies op 'n skinkbord aangebied word, pleks daarvan dat die gehoor geleidelik ingekontrol word tot en met die verrassende laaste toneel.

Davids verdien lof dat hy as jong regisseur so 'n ambisieuse projek aanpak. Dit is 'n belangwekkende stuk wat al die bestanddele van 'n wenresep bevat. Met 'n bietjie inspeel en aandag aan detail en afronding kan *Martelsang* in die toekoms goed vaar. – **Marina Griebenow**

Trollie vir trollie 'n treffer



Gertjie Besselsen van Mr Cat & The Jackal gister in Ryneveldstraat. FOTO: NATALIE GABRIELS

'n Opwindende nuwe stem

Ir(ras)ioneel. Begin. Weltevreden Waenhuis. 11 Maart om 21:00.

As deel van die US Woordfees se program is studente aan die universiteit 'n beurt gegee om produksies onder die vaandel van "Begin" op te voer. Feesgangers weet dus dat hierdie nie professionele produksies is nie en dit alles die werk van studente is.

Dit is beslis nie te sê dat die produksies eerstens nie ondersteun moet word nie en tweedens afsteek by van die ander professionele produksies nie.

Ir(ras)ioneel word sô beskryf: "Ná meer as twee dekades van demokrasie in Suid-Afrika word bestek geneem van ons reënboognasie. En dit word gou duidelik: bo blink, onder stink. Diversiteit kan ons immers nog verder van mekaar vervreem."

Die teks en regie is deur Des-lee McKenzie en sy speel ook die groot rol(le) in die stuk wat uit 'n groep sketse bestaan. Saam met haar op die verhoog was Lehandi Eygelaar en Lise-Marie Richardson en die orkes was Stephan Bezuidenhout, Anninge Kreft en Daniël Botha.

Studenteproduksies kan neig om te wroeg, om situasies aan te spreek wat studente nog nie volwasse genoeg is om te verstaan nie. McKenzie val gelukkig nie in daardie gat nie. Sy het baie om te sê en sy sê dit met oortuiging. Sy draai nie doekies om nie en die 16TGV-bepanking was daar met 'n rede.

Daar is kritiek. McKenzie se sangstem is nie haar sterkpunt nie. Nie dat sy van die noot af is nie, maar dis asof haar stem iewers in haar lyf vasgevang is. Die produksie sou nog sterker gewees het as sy 'n sterker sangstem gehad het.

Die US Woordfees gaan ook moet kyk na die Weltevreden Waenhuis. Dit is 'n klein, intieme venue, maar as jy selfs in die derde ry sit, gaan jy sukkel om enigiets te sien wat voor jou aangaan. Ek het later uit radeloosheid in die vensterbank gaan sit.

McKenzie se *Ir(ras)ioneel* was die eerste produksie wat ek tydens die fees bygewoon het wat staande applous gekry het. En met reg. 'n Opwindende nuwe stem wat hopelik nog meer van gehoor gaan word. – **Ilza Roggeband**

’n Leë dam vol diepe onthou

Portret: Lien Botha. Dokumentêr. Klein Libertas Teater. Pulp Cinema Neelsie. 41 minute.

Op pad na die dokumentêr oor die fotograaf en kunstenaar Lien Botha sien ek twee kaalborsvroue wat betoog oor patriargie en ’n verkrachtingskultuur. My eerste gedagte is, waar is Lien nou?

Sy sou mal daaroor gewees het. Daar is iets van ’n anargis en ’n revolusionêr aan haar, sy sou somer saam betoog het. En hoekom nie? Sy is ’n vrou wat nog altyd vir die underdog opgekom het.

By die rolprentteater gebeur nog iets was my laat dink, waar is sy nou? Net soos die stuk goed op dreef is, kom ’n ou queen vroe-tel-vroetel in die paadjie af. Laat-kommers moet siepsop-en-braai-boud kry, en die man val wraggies oor my voete soos hy skoffel na die stoel langs my. Laat, en dan maak hy nog amok ook. My konsentrasie is verbreek, en ek piets hom op sy boud. “Jy’s laat!” raas ek. “Ja, maar kyk nou net, ek het lanklaas so ’n lekker rapsie gekry. Dit was die moeite werd.”

Was sy daar, sou sy gelag het. Maar sy was nie daar nie, want dis Lien Botha vir jou. Sy hou nie van ’n ophef nie. Hoewel sy dankbaar is mense wil ’n dokumentêr oor haar maak, raak sy skaam.

Lien is die vrou agter die kamera, nie voor nie. Maar hoe kan jy nee sê as die mense wat aan die program oor jou werk die volgende is: Jaco Bouwer die



Die dokumentêr neem jou ook op ’n visuele reis van haar werke. FOTO’S: LIEN BOTHA



’n Plastiekswaan uit die Yonder-reeks.

regisseur het die kamerawerk en redigering gedoen, Stian Bam die akteur die klank, Henk Serfontein die kunstenaar die navorsing. Om maar net ’n paar te noem.

Sy vertel hoe sy as nuusfoto-graaf by *Beeld* begin het, later hoe sy Michaelis toe is en dit haar hele siening van fotografie as kuns gevorm het. Haar dryfkrag is die melankolie, en dit hoor jy in haar

stem, en voel jy in haar werke. Veral onlangs, in *Yonder* (daar doer), waar daar ’n eensaamheid asemhaal.

Sy kan ’n foto van die Kalahari se vlaktes neem en jy voel die hitte om jou bewe.

’n Opgestopte leeu loer met sy hartseer oë, ’n dekoratiewe swaan in die middel van nêrens skep die gevoel van ’n lyf wat wil vlieg of

swem, maar nie kan nie.

Soos haar ma Helena, waarom sy praat. Sy was baie geheg aan hierdie sagte vrou, en haar ma is ná ’n ongeluk verlam en toe dood. Daar is ’n swembad in haar pa se huis waarin haar ma probeer swem het ná die ongeluk.

Hierdie swembad is nou in ’n foto. Maar die swembad is nou leeg, want haar ma is al vir ’n ruk dood. In die swembad is daar nou meubels. Dis ’n leë swembad vol van haar pa se ou meubels. Want wat maak jy met ’n leë swembad vol herinneringe?

Die dokumentêr neem jou ook op ’n visuele reis van haar werke, en ’n atmosfeer in mineurtoon word geskep met musiek deur Braam du Toit.

Henk Serfontein vertel: “Dis in die Hangklip Hotel geskiet. Die muurskildery (van ’n skip, die see, en ’n ligitoring) agter haar het intertekstuele verwysings na haar fotografiese beelde. Dikwels is daar foto’s binne foto’s, beelde binne beelde.

“Die see is ’n besonderse evokatiewe en atmosferiese beeld en jy sal opmerk daar is meer as een historiese selfportret van haar waarin sy voor die see staan met die rug na die kyker. Daarin lê ook ’n verwysing na die bekende skildery *Wanderer Above the Sea of Fog* van Caspar David Friedrich.”

Hy praat ook oor die agtergrond rondom die produksie: “Ons het geen finansiering vir ons film gehad nie. Ons het dit met een kamera en in ons eie tyd gedoen. Ek het twee weke gewerk aan die navorsing, waarna ek ’n voorlopige onderhoud opgestel het.

“Daarna het ek vir Lien gaan sien en nog gesprekke het gevolg. Die idee was om Lien ’n collaborator van die narratief te maak. Op stel het ek die onderhoud met haar gevoer. Dit het ongeveer sewe uur geduur. Ons het ook skote in die Harold Porter Botaniese Tuin (Bettiesbaai) gaan skiet om skakels tussen die botaniese omgewing en haar werk te kry.

“Postproduksie was ’n langdurige proses wat meer as ’n maand geduur het. Ons het op Lien besluit omdat haar werk kompleks en geslaagd is. Ons wou betekenis oopmaak en wou ’n stem gee aan die idees verteenwoordig in haar fotografiese werk.

“Sy is nou ook ’n gevierde skrywer en daarom is daar vir my ’n publieke belang in haar werk. Mense snak na hul asem wanneer hulle agterkom haar pa is Pik Botha, maar ek was meer geïnteresseerd om uit te kom by die verhaal van haar ma.

“Die een wat gehekel het terwyl sy moes wag by die huis. Daardie minder publieke deel van haar verhaal het eintlik vir my die spil geword waarom die dokumentêr moes draai. Dit was juis dít wat ons generasie se komplekse verhoudings met ons ouers belig het. Haar stem vir my is vroulik en intiem maar steeds krities ingestel, met ’n bewussyn van ons historiese bagasie.” – **Herman Lategan**

WISH

GISTER SE DRAADLOOS

VANDAG SE DRAADLOOS

Gesels met die kenners, en word WYS!

Ons bestuur WiFi-netwerke namens kliënte landwyd.

Verkoop data, maak wins en beperk onkoste en misbruik.

Jou netwerk, jou handelsmerk, ons stelsels en kennis.

Restourante • Gastehuse
Studentebehuisings • Woonstelle
Privaatwonings

www.wishnetworks.co.za
087 805 7480

Musiek

Koor se krag lê in die ligter musiek

Kaap, Mzansi & Beyond. Musiek. Endlersaal. 4 en 5 Maart.

Die Stellenbosch Libertaskoor het aanhangers wat dié koor soos rocksterre behandel, as 'n mens na die daverende applous luister.

Kaap, Mzansi & Beyond beteken eintlik maar net "enigiets". Behalwe vir die openingsnommer, "Ngiyawu Sabu Moya", 'n tradisionele Zoeloe-lied, het die eerste deel van die program hoofsaaklik uit die "beyond" bestaan. Met ses a cappella-motette van Karl Jenkins en 'n verwerking van die gesang "In Christ Alone".

'n Verskeidenheid nuwe koorverwerkings van ligter liedjies van mense soos Camillo Lombard, Melissa van der Spuy en Ramon Alexander is uitgevoer. Die Mzansi- en Kaap-deel van die konsert was Afrikaanse liederes soos "Ek loop die pad" van Amanda Strydom en Joshua na die Reën se "Lig op die horison". Dit is eindelijk geëindig met verwerkings van Brenda Fassie se "Weekend Special", 'n Distrik 6-medley en "Glory", 'n vermenging van Vivaldi

se Gloria, John Llegend se Oscar-wennerliedjie "Glory" uit die fliek Selma en "Glory Halleluja" uit "Battle Hymn of the Republic".

Die konsert is goed begin met Thandi Mrali as solis tydens die Zoeloe-item "Ngiyawu Sabu Moya". Sy het later weer as solis opgetree, in nog 'n Zoeloe-lied, "Ngabi Sesihlulekile". Sy het een van daardie soort stemme wat 'n mens dadelik hoendervel gee.

Die Libertaskoor was op hul sterkste tydens meer informele nommers, die ligter musiek. Dit is waar hul krag lê. Die Jenkins-motette het soms woeste intonasieprobleme gehad en 'n gebrek aan frasering getoon, maar die koorlede, en dirigent Johan de Villiers, se geesdrif het oorgespoel in oomblikke van opregte musikaliteit.

In die tweede deel van die program is die koor bygestaan deur die Ramon Alexander-trio met Ramon op klavier, Lionel Beukes op kontrabas en Annemie Nel op tromme. Dit het die uitvoering 'n nuwe dimensie gegee. Hopelik is dit 'n vennootskap wat ons weer sal sien. – **Naudé van der Merwe**



Tobie Cronjé verras gisteraand vir Albert Pretorius met 'n drukkie by die première van Die rebellie van Lafras Verwey by die Eikestad Mall op Stellenbosch. Tobie vertolk die titelrol en Albert is Leon Nell. Die regisseur is Simon Barnard, wat die draaiboek saam met sy pa, wyle Chris, geskryf het. Die prent word deur Ster-Kinekor versprei. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT



Oude Libertas Amphitheatre Stellenbosch

Messiah: G.F. Händel

10 & 11 Maart 20:15



**Met Magdalene Minnaar (sopraan)
Minette Du Toit- Pearce (alt), Given Nkosi (tenoor)
Thato Bachona (bas), Zorada Temmingh (orrel)
Libertas koor (vergroot) o.l.v. Prof. Johan De Villiers
& saamgestelde orkes o.l.v. Jürgen Schwietering**

Besprek @ : 021 809 7473
h/v Adam Tas & Libertas St, Stellenbosch

Computicket: 0861 915 8000
www.oudelibertas.co.za

Dié Glass en dans kort oogkontak

Dancing on Glass. Klassieke musiek. 8 Maart om 17:00.

Anders as wat 'n mens sou verwag, gee minimalistiese musiek tog 'n goeie klankbaan vir dans. Dit is sekerlik waarom die Odeion-strykkwartet besluit het om dansers by hul uitvoering *Dancing on Glass* in te sluit.

Die titel verwys natuurlik heel letterlik na dans op die musiek van die Amerikaanse komponis Philip Glass.

Hierdie Bloemfonteinse strykkwartet – bestaande uit Samson Diamond (viool), Sharon de Kock (viool), Jeanne-Louise Moolman (altviool) en Anmari van der Westhuizen (tjello) – het 'n moeilike repertorium aangepak.

Glass se minimalistiese musiek, saam met dié van die gebore Suid-Afrikaner Kevin Volans (wat tans in Ierland woon) en die Wallieser Karl Jenkins, se sterk ritme is sekerlik al wat die dansers nodig het om grasiouse bewegings te kan skep.

Die musiek herhaal in patrone oor en oor, en om dit vir 'n luisteraar interessant te maak, verg nogal goeie interpretasievermoë – en dít het die strykkwartet goed reggekry.

Van Glass het hulle twee strykkwartette, nommers 2 ("Company" van 1983) en 3

("Mishima" van 1985), gespeel, en daarby Volans se Strykkwartet No.1 ("White man sleeps") en Jenkins se Strykkwartet No.2 ("The Fifth Season").

Die Odeion-kwartet se spelers was goed op mekaar ingestel, wat gesorg het vir 'n suksesvolle uitvoering van musiek wat so maklik kan ontspoor.

Die dansers van die Dance for All Company het die musiek ten beste gebruik en karakters geskep wat half verdwaald op die maat van die hipnotiese musiek oor die verhoog gegly het.

Wat 'n mens wel gepla het, is die diskonneksie tussen dansers en musici. Dit was asof die strykers glad nie bewus was daar is dansers om hulle nie. Eweneens was die strykers vir die dansers bloot 'n objek waarom hulle bloot 'n bedoel. Hoe ook al, 'n bietjie interaksie – al is dit net oogkontak – tussen die twee groepe sou gehelp het dat 'n mens die musiek en dans saam as geheelwerk kon ervaar. Anders kon die dansers mos maar 'n CD gespeel het, of kon die instrumentaliste bloot 'n video van dans gewys het.

Met 'n klein bietjie verbeelding kan hierdie program eintlik veel meer wees as 'n uitvoering van interessante musiek met terloopse dans. – **Wayne Muller**



**Hoë bome
vang die
meeste
wind.
Daar word
gespook
om die
tak van
'n akker-
boom
wat gister
in Van
Riebeeck-
straat
afgeruk
is, uit die
pad te kry.
Niemand
het seer-
gekry nie.
FOTO:
NARDUS
ENGEL-
BRECHT**

ink

Redakteur
Jacquette Kloppers
(jacquettekloppers@gmail.com)

Uitgewer
Hannelie Cronjé

Bladuitleg en produksie
Johnn-Grant Munro

Teksredakteurs
Susan Booyens
Marchelle van Zyl

Fotograwe
Nardus Engelbrecht
Natalie Gabriels

Skrywers
Jo-Ann Floris
Marina Griebenow
Herman Lategan
Wayne Muller
Ilza Roggeband
Lynné Schoeman
Naudé van der Merwe

Produksie-assistent
Marietjie Booyens

W
US WOORDFEES

Woordfees-kantoor
Adres: Erfurthuis,
Ryneveldstraat 37, Stellenbosch.
Navrae: Bel die feeskantoor
by 021 886 5036 of besoek
www.woordfees.co.za.
Besoek die Woordfees se
Facebook-blad by https://www.
facebook.com/woordfees/

Adverteer NOU in ink
Bel 083 303 6117

'n Elektroniese weergawe van Ink is
ná 14:00 beskikbaar op Netwerk24.

NETWERK 24
AL DIE NUUS, ALTYD BYDERHAND
www.netwerk24.com

'Skud die onderwysers se sakke'

**Onderwys in krisis, op alle
vlakke. Diskoers. Bloekomhof.
Gister om 10:30.**

Die klem moet minder wees op die toegang tot onderwys en meer op die gehalte van die onderwys, het Gwen Ngwenya, bedryfshoof van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge, gister gesê. Sedert 1994 was daar 'n merkbare verbetering in die toegang tot onderwys, al word die syfers soms skeefgetrek weens die vinnige bevolkingsgroei.

Ngwenya was saam met prof. Wim de Villiers, rektor van die Universiteit Stellenbosch, en Danie van Wyk, onderwyskundige, in bespreking met Tim du Plessis in die Frederik van Zyl Slabbert-gesprekreeks.

"Ons navorsing wys meer onderwysers is afwesig by skole as kinders. Hulle is nie daar om kinders te onderrig nie, so dit skep op die lang duur probleme."

Dit, tesame met die tekort van amper 20 000 onderwysers in die land – soos Van Wyk uitgewys het – beteken die probleme in die onderwysstelsel verdiep.

Van Wyk het 'n donker prentjie geskilder.

"Ek dink nie ons besef die omvang van die krisis nie. Iemand beskryf dit so: Sou die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel vandag 'n pasiënt in die hospitaal wees, sou hy in die intensiewesorgeenheid wees. Hy sou gekoppel wees aan 'n ventilator en kunsmatig aan die lewe gehou word."

Die regering besef die krisis, maar hulle verkies om hul koppe in die sand te begrawe, meen hy.

Die honger na gehalteonderwys gaan nie gestil word nie omdat die aanbevelings nie behoorlik toegepas word nie.

"Die beleid het 'n plan nodig, en daar is nie 'n plan nie."

Hy sê gehalteonderwys is deesdae net toeganklik vir

diegene met geld – vandaar die toename in privaat skole.

"As dit wat verkeerd is nie reggemaak word nie, sit ons weer met 'n geslag jongmense wat gedoem is tot ongelukheid en armoede."

Dit is vir hom moeilik om in te koop in die idee van 'n krisis in hoërsonderwys, sê De Villiers.

"Daar is goed soos chroniese onderbegroting. Daar is vrae oor toegang, die regte soort student, probleme met basiese onderwys.

"Daar is studentepotes – maar is dit net simptome van 'n diepe ongelukkigheid met ongelukheid en armoede?"

Die universiteit is nou 'n baie beter plek as toe hy sy studies voltooi het, sê De Villiers. Dit het ook ontwikkel van 'n suiwer leer- en onderwysinstelling na 'n navorsingsintensiewe instelling.

De Villiers kom gereeld nog onder skoot oor die universiteit se taalbeleid, en die besluit om

Engels meer staanplek te gee.

"Ons navorsing kyk na plaaslike kwessies, maar dit kan internasionaal staan. Engels is die navorsingstaal. Ons moet mededingend bly."

Hy het as voorbeeld genoem dat die getal doktorsgrade wat sedert 1994 en tot 2012 toegeken is, dramaties toegeneem het. Hiermee saam het meer swart Afrikane doktorsgrade verwerf as wittes, so ook meer swart vroue.

Die paneel het saamgestem dat tensy daar strafmaatreëls is vir afwesige onderwysers, die situasie nie reggestel kan word waar dit die belangrikste is nie – in die grondslagfase. Van Wyk sê hy kom soms by 'n skool waar vyf tot ses onderwysers afwesig is.

"Die hoofde sit met hul hande in die hare. Maar ek dink die geen werk, geen betaling reël moet geld – voor onderwysers dit nie aan hul sakke gaan voel nie, gaan niks verander nie." – **Jo-Ann Floris**

NETWERK 24

Sake en Sauvignon

met Theo Vorster

www.netwerk24.com

Kom **luister, dink** en **gesels** saam oor beleggingsbesluite by ons Diskoers-gesprekreeks.

📍 **Bloekomhoek** ⌚ **13h00 -14h00**

📅 **8 Maart 2017**

Finansiële onafhanklikheid – wanneer het ek genoeg?

📅 **9 Maart 2017**

Wanneer en hoeveel moet ek oorseë belê?

📅 **10 Maart 2017**

Hoe maak ek beleggingsbesluite in onseker tye?

R50 te koop by Computicket | R60 by die ingang. Kaartjies sluit 'n glas Sauvignon blanc in. GRATIS toegang vir Netwerk24-intekenare, bespreek deur 'n epos te stuur aan sakegesprek@netwerk24.com

Lees die jongste INK en al ons U.S. Woordfees inhoud daagliks op Netwerk24.com

Musiek

Triomfantelike trio



Die Tim Kliphuis-trio (Tim Kliphuis, Roy Percy en Nigel Clark) se konsert was 'n musikale reis soos 'n mens dit min hoor. Hul tegniese vaardighede is die beste wat 'n mens in die bedryf sal kry, maar wat dit nog meer indrukwekkend maak, is dat hulle dit ongelooflik maklik laat lyk. En feitlik elke ding wat hulle doen, word geïmproviseer. Van gypsy-jazz tot Richard Strauss, niks skrik hulle af nie. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Sit dié gedugte span op jou lys

Gedig my Snaar. Musiekfees. Fismer. Vandag om 20:30.

Hilandi du Toit en die veteraan-aktrise June van Merch het kragte saamgespan vir hierdie musiek- en woordproduksie van bekende gedigte, maar ook gedigte en liedjies wat deur Du Toit geskryf is.

Hulle maak 'n goeie span en die gedigte en berymings is met sorg gekies. Ernstige kwessies word aangespreek – soos gay wees en liefde oor die kleurgrens – maar dit is nooit konfrontierend nie. Om die waarheid te sê, word dit so goed oorgedra, dat dit jou werklik laat luister en laat dink.

Du Toit is 'n besonder begaafde kitaarspeler en dit is altyd 'n plesier om na haar te luister. Net so is Van Merch 'n aktrise wat weet hoe om met die woord om te gaan sodat elke woord betekenis het. Saam maak dit *Gedig my Snaar* beslis 'n produksie om op jou feeslys te sit.

Daar is egter kritiek. Die Fismer is een van die lokale op Stellenbosch met die beste akoestiek. Hoekom die klankman gedink het dit is nodig om die klank oorverdoewend hard te maak,



June van Merch



Hilandi du Toit is 'n begaafde kitaarspeler en sanger.
FOTO'S: NATALIE GABRIELS

sal net hy weet. Van Merch se stem is soms oordonder deur Du Toit se kitaarspel.

'n Program vir die vertoning sou ook baie welkom gewees het. Al wat nodig is, is die inligting van wat op die program opgevoer word soos die skrywers en titels van die gedigte en liedjies.

Du Toit is besig om jaar ná jaar as kunstenaar te groei en dit is gerustellend dat sy aanhou om haarself uit te daag.
– **Ilza Roggeband**

‘Drif’ is De Wet se vaandeldraer

Drif. Toneel. Fismer. Vandag om 18:00, môre om 20:30 en 12 Maart om 10:00.

Marí Borstlap se atmosfeerryke produksie van die bekende Reza de Wet-drama *Drif* het sowat 18 maande gelede hier op Stellenbosch reeds 'n kort speelvak gehad in die Hofmeyrsaal, 'n venue wat hom uitstekend geleen het tot haar intieme en onthutsende konsep vir die stuk. Vir die Woordfees is die kykNET Fismersaal aan hulle toegeken. Sy sou dus noodwendig sekere aanpassings moes maak.

Die gehoor word eers kort voor die aanvang ingelaat en jy bespeur dat die Fismersaal vir teater in die rondte omskep is, met ander woorde, die gehoor sit naby en om die spelers. Die speeloppervlak is verplaas na die ouditoriumvloer en die gehoor bevind hulle in 'n voorportaal van 'n eienaardige huis waar die tweelingsusters Hermien (Ira Blanckenberg) en Sussie (Cintaine Schutte) skuiling bied aan diegene wat nie kans sien om die bruisende drif langs die huis oor te steek nie.

Saam versorg en begrawe Hermien en Sussie die lyke van diegene wat die waarskuwing verontagsaam het om te wag tot die rivier sak. Wanneer die twee susters die tyd verwyd met 'n séance, kom jy agter dat die verdrinktes nie kan rus voordat elkeen nie sy regmatige

naam gegee word nie.

Wilken Calitz se klankbaan lewer 'n aansienlike bydrae tot die spanningslyn. Die geruis van die water in die drif langs die huis vul jou deurgaans met 'n gevoel van onheil en rampspoed. Dis op so 'n stormagtige aand dat gaste opdaag wat die tweelingsusters se lewe vir altyd sal verander, die gewetenlose hipnotiseur Maestro (André Roothman) en sy assistent Ezmeralda (Jane de Wet).

Om haar produksie te belig, gebruik Borstlap gaslampe en kerse, aangevul deur 'n paar kleiner lampe. Omdat 'n mens in die vorige speelvak so naby aan die akteurs gesit het, was dié subtiele atmosferiese beligting baie doeltreffend. Die ruimte in die Fismersaal is egter heelwat groter en gehoorlede in die agterste gestoeltes het die nuanse van die akteurs se gesigspel verbeur, 'n belangrike deel van die spel wat hulle inspan om jou te verstrengel in hul wêreld van spoke en skaduwees.

Desondanks die sagte lig, is daar van toeskietlikheid in veral Hermien en Maestro min sprake. Hul ongenade vind onder meer uiting in Hermien se houding teenoor Sussie en Maestro se voortdurende vernedering van Ezmeralda.

Die dramaturg gebruik Maestro se aantreklike voorkoms, welsprekendheid en latente gewelddadigheid as die voertuie vir Sussie se ui-

teindelike bevryding van haar lot as lykversorger en haar reputasie as die onaansienlike een. Roothman was destyds 'n lid van die oorspronklike rolverdeling van *Drif*, met Marthinus Basson aan die stuur van sake. Dis maklik om te sien waarom die keuse weer op hom geval het. Benewens sy gepaste aantreklike voorkoms, is hy 'n baie vaardige en ervare akteur. Hy skep 'n geïntegreerde karakter wat lok met sy voorkoms en welsprekendheid en walg met sy paternalisme.

Met haar lengte en klassieke gesig is Ira Blanckenberg die perfekte keuse as die hovaardige Hermien, wat staande bly deur die aanhang van konvensie en die uitvoering van haar “heilige plig”. Schutte as die morrende boggelrug Sussie dwing eweneens bewondering af vir haar deurdagte vertolking van dié komplekse karakter. De Wet is nuut in die rolverdeling. Interessant genoeg bring haar kinderlike voorkoms 'n nuwe, sinistere aspek te berde en verskaf aan die gehoor 'n hedendaagse verwysingspunt. De Wet oortuig heeltemal as die verguisde Ezmeralda wat rondtol tussen opstand en onderdanigheid.

Borstlap se *Drif* kan sy plek inneem as waardige vaandeldraer van De Wet se vele verwikkelde temas en bied terselfdertyd aan die Woordfees-gehoor 'n baie bevredigende teaterervaring.
– **Marina Griebenow**

Fluit, fluit, hierdie konsert is uit

Raffaele Trevisani.
Klassieke musiek. Fisser.
6 Maart om 18:00.

Maak nie saak hoe groot jou talent is, hoe hard jy geoefen het, of wie jy is nie, as jy geen begrip het van wanneer mense genoeg gehad het nie, verloor jy jou gehoor.

Raffaele Trevisani is een van die beste dwarsfluitspelers in die wêreld. Dit is 'n feit. 'n Mens kan dit hoor op sy CD's en in sy konserte en in sy meesterklasse. In sy konsert saam met die Universiteit Stellenbosch se simfonieorkes is hy soms oordonder deur die groot klank van die orkes, maar tydens sy konsert in die Fismersaal saam met die pianis Paola Girardi kon 'n mens sy musikaliteit werklik bewonder. Tegnies was hy sekuur

met sy uitvoering van Corelli se La Folia, maar 'n mens het tog gevoel dat hy 'n bietjie meer stylsensitief kan wees. Sy frasering is deurgaans baie getrou aan 'n romantieke manier van speel, terwyl ander bekende internasionale fluitspelers soos Juliette Hurel en Emmanuel Pahud oor die jare hul styl aangepas het, veral as hulle barok speel, want inligting oor barokstyl het al hoe meer prominent geraak. Dis veral opsigtelik in sy gebruik van konstante vibrato.

Maar sy uitvoering van die bekende Poulenc sonate vir dwarsfluit en klavier was in die kol. Dis heerlik om hierdie werk só te hoor, sonder enige struikelblokke. So baie studente speel dit, met wisselende vlakke van sukses, en hierdie was die beste wat ek dit nog in 'n



Raffaele Trevisani. FOTO: www.raffaeletrevisani.com

konsert gehoor het.

Daarna het hy Dvorak se sonatine vir viool en klavier op die dwarsfluit aangedurf, en dit

het uitstekend gewerk. Dvorak, 'n Tsjeg, het dit geskryf ná sy tyd in Amerika, en bevat bekende Amerikaanse wysies soos "Oh My Darling". 'n Mens kan in hierdie werk ook hoor waar die filmkomponis John Williams van sy idees gekry het. En die fluit pas hierdie klankwêreld perfek.

Hierna het Trevisani begin om die bekende fluitspeler Briccialdi se verwerkings van operas te speel. Drie daarvan. Een was reeds te veel.

Tegnies was dit alles baie indrukwekkend, maar die verwerkings, twee deur Briccialdi van Verdi se *La Traviata* en *Il Trovatore* en een deur Morlacchi van Rossini se *Mosè in Egitto*, klink so te sê alles dieselfde. En dit het veroorsaak dat die konsert heelwat langer

aangehou het as beplan.

Corvin Matei het hom vergesel vir Doppler se Andante en Rondo vir twee fluite en klavier, en hoewel dit weer eens uitstekend was, het die gehoor krielrig geraak. 'n Jazz-groep wat in die Konservatorium se foyer gespeel het, was ook duidelik hoorbaar deur die deure wat 'n aanval op die gehoorsintuig veroorsaak het.

En toe was daar nóg 'n toegif. Teen hierdie tyd vergeet 'n mens van die briljante spel en fokus jy net op hoe seer jou boude is nadat jy vir amper twee uur na 'n fluit moes luister.

Dit is 'n les vir musici by feeste, maak nie saak hoe goed jy is nie. Kortere is gewoonlik beter. Leave them wanting more!

– Naudé van der Merwe



Abdulkader Benali, TV-persoonlikheid en skrywer, is gebore in Marokko en het grootgeword in Nederland. Langs hom is die skrywer Sonja Loots. Sy het by 'Lae lande in woord en klank' sy boeke gekoop, wat hy toe geteken het. FOTO: NATALIE GABRIELS

Sê dit, maar effens beter

Allegorie. Musiek. Drostdy-teater. Sondag om 20:30.

Grethe van der Merwe het die afgelope paar jaar stadig maar seker 'n naam vir haarself in die musiekbedryf gemaak. Met musiek- en dramagrade agter haar naam is sy uitgeknipt vir 'n lewe op die verhoog. Sy't vroeg in haar loopbaan, toe sy nog 'n student was, aandag getrek toe sy in die vorige dekade die musiekregisseur van Marthinus Basson se produksie van *Cabaret* was. En sedertdien het sy haar talente uitgebrei. Sy het verlede jaar onder meer die musiek geskryf vir die satiriese toneelstuk *Hensop!* en ook die afgelope paar jaar met haar solovertonings haar eie musiek by feeste uitgevoer, en sy is daarvoor ook vir pryse benoem.

Dit wil dus voorkom of haar loopbaan goeie momentum het en haar CV kan kersvashou met die bestes in die bedryf.

Daar is geen twyfel dat sy enorme talent het nie, so dit is waarom hierdie produksie, *Allegorie*, soms nie aan die verwagtinge voldoen nie.

As jy boksies wil afmerk, lyk dit of hier geen probleme kan opduik nie, want daar is 'n gedugte span musici op die verhoog: Grethe speel self klavier en sing, en sy word ondersteun deur Babette Viljoen (bas-kitaar), Gideon Lombard (kitaar), Ronald Siegelaar (tromme), André Terblanche (agtergrondsang en mondfluit) en Renate Riedeman (viool en sang). En hulle doen hul werk uitstekend. Grethe se sangstyl is onopgesmuk en sekuur, maar soms kort daar 'n dringendheid, 'n werklike kommunikeer van wat sy wil sê.

Daai kommunikasie bespeur 'n mens wel in haar eie komposisies soos "Hierdie plek" en "Ver van hier", en ook die oorspronklike "Nice wees" het baie

trekrag. 'n Reël soos "Ek wil graag sê, jou gedrag, dit suck" word perfek oorgedra. Stadiger items spreek werklik tot 'n mens, maar dan word liedjies soos "We Built This City" tussenin gegooi, of "Happy" van Pharrell Williams, en dit voel of dit nie pas nie.

'n Mens het ook die gevoel gekry dat haar vurige aanhangers in die gehoor 'n paar in-jokes met haar deel wat die res van ons net nie vang nie. Hulle weet duidelik wie sy is, maar die res is nog onseker.

Tog wil 'n mens steeds mense aanmoedig om haar te ondersteun. Sy speel met 'n lewendige orkes (iets wat geld en moeite en tyd verg en die meeste Afrikaanse sangers te lui is om aan te pak), skryf haar eie, baie toeganklike musiek, en het duidelik iets om te sê. Wat dit presies is, kort net nog 'n bietjie fine tuning.

– Naudé van der Merwe

MAAK SPIER JOU FAMILIEPLAAS



Bring jou hele familie saam na een van Stellenbosch se oudste wynplase. Ontspan in ons vierster hotel en kom proe van Suid-Afrika se mees bekroonde wyne. Eet vars groente uit die plaastuin by Eight Restaurant of geniet 'n gourmet piekniek op ons historiese plaaswerf.

www.spier.co.za

¹⁶⁹²
Spier

NIE TE KOOP AAN PERSONE ONDER DIE OUDERDOM VAN 18 NIE.


“*Misverstand* is klassieke Marita van der Vyver:
’n boeiende verhaal met heerlike,
eg-menslike karakters met wie mens
jou kan vereenselwig!”

PHYLLIS GREEN, SARIE

MISVERSTAND



Marita van der Vyver



“*Misverstand* is ’n heerlike
tuimeltrein-rit van vars
karakters, ’n enigmatiese
verhaallyn en uitstekende
vakmanskap.”

RONEL NEL, ROOI ROSE

Also available in English as
YOU LOST ME



NOU BESKIKBAAR



Penguin
Random House
South Africa

Marita van der Vyver by Towerbosch: Misverstand. Leefstyl. Towerbosch. 8 Maart om 19:00.

Marita van der Vyver se jongste roman *Misverstand* is halfpad deur die Woordfees reeds uitverkoop. Die skrywersfeeskoördineerder, Elmari Rautenbach, het dié nuus by Towerbosch se skrywersete met Van der Vyver aangekondig. Elna van der Merwe van *Huisgenoot* het haar tussen die voor-gereg en die hoofgereg van lamsboud en gebraaide aartappels oor haar blitsverkoperboek gepols.

Die hoofkarakter, Willem Prins, sou graag die prins van die Afrikaanse letterkunde wou wees, maar dit werk nie heeltemal uit nie en hy skryf toe 'n hygroman onder 'n skuilnaam.

'n Magnificent loser

Oor die ooreenkomste tussen haar en Willem sê Van der Vyver: "Ek het al daaroor gedroom om 'n *Fifty Shades of Grey* te skryf. Mense sê ek skryf goeie sekstonele, maar dis verskriklik moeilik om seks te beskryf. Dit kom met jare se oefening."

Die gehoor bars uit van die lag.

"Ek probeer om sentimentaliteit te vermy. Om alles omver te gooi en doelbewus in clichés te skryf, druis teen alles in wat ek oor die jare geleer het. So, ek het Willem maar laat regkry wat ek self nie kan nie."

Was sy bang dat lesers nie van Willem gaan hou nie?

"Ek het glad nie geskryf om die leser te probeer seduce nie. Dis eintlik deur sy vroue en kinders se perspektief wat jy besef hy is nie regtig so erg soos hy homself voorstel nie. Soos ek geskryf het, het ek al hoe meer van hom begin hou."

Talle vroue het haar ook al meegedeel dat hulle verlief geraak het op Willem Prins.

"Hy is nou wat ek noem 'n manjefieke verloorder – a magnificent loser. Ek vind mans wat met hulself kan spot onweerstaanbaar."

Nog 'n karakter, Jackie van der Merwe van Pniel, is 'n au pair in Parys wat hom vertel haar ma is een van sy grootste aanhangers. Is sy nie te jonk vir Willem nie?

"Omdat Willem so middeljarig, middelmatig en mismoedig is, het ek gevoel ek het iemand nodig wat heeltemal sy teenpool is. Sy het hierdie wilde Afrika-hare en sy dra die kleure van die reënboog aan haar lyf. Sy word amper half sy beskermengel, want sy voel sy is dit aan die Afrikaanse letterkunde en haar ma verskuldig."

Van der Vyver besluit altyd heel eerste oor die struktuur van haar boeke.

"Ek besluit oor hoeveel jaar die storie afspeel – dit gee jou ook 'n idee van hoe dun of hoe dik die boek gaan wees. Ek wou van die begin af oor vier dae van vervreemding in 'n vreemde stad skryf?"

Sy het vóór die terreuraanvalle reeds beplan om Willem "om verskillende redes" daardie naweek van die 13de November 2015 in Parys te plaas.

"Die museum waar ek wou hê Willem sy seun moes ontmoet,



Marita: "Ek het nie geweet wat om met my hare te doen nie, toe steek ek dit maar weg."

FOTO'S: NATALIE GABRIELS

*“Ek het al daaroor gedroom om 'n **Fifty Shades of Grey** te skryf. Mense sê ek skryf goeie sekstonele, maar dis verskriklik moeilik om seks te beskryf. Dit kom met jare se oefening.”*



Elna van der Merwe en Marita van der Vyver eergisteraand by Towerbosch se skrywersete.

sou eers die 11de November ná restaurasiewerk heropen. Ek wou hê dit moes herfs wees, vir die triestige weer, en dit moes aan

die einde van die jaar wees, want Willem wou vlug van die literêre toekennings waar hy weer eens benoem is, maar sou moes maak of

hy bly is wanneer iemand anders wen."

Toe gebeur die terreuraanvalle – "en niks in Parys sou ooit weer

dieselfde wees nie".

Vir die volgende twee dae dwaal die karakters deur 'n getraumatiseerde stad, "wat anders is as die toeriste-cliché waaraan ons gewoond is". Só raak Willem dan ook op 'n vreemde manier weer verlief op die stad, wat in sy mismoedigheid nie meer enige betowering vir hom ingehou het nie.

Franse wortels

"Partykeer kry jy iets wat jy nie beplan het nie, maar dit gebeur, en dan moet jy dit gebruik."

Willem is nie nie 'n eersteper-soonsverteller nie en tussen elke paar hoofstukke kry die ander karakters ook 'n beurt om te vertel hoe hulle Willem sien. Vir die eerste keer het Van der Vyver ook 'n bladsy leeg gelos.

"My man werk vir die Franse onderwysdepartement, waar hy baie te doen het met kinders met gestremdhede," vertel sy.

Lourens, Willem se sterwende kind by sy tweede vrou, is dan ook gebaseer op een van dié stories waarmee haar man by die huis aangekom het, oor 'n outjie met osteogenesis imperfecta, of brittle bone disease.

"Lourens het nie regtig 'n stem nie en Willem sal dus nooit regtig weet wat sy kind van hom gedink het nie. Daar is sekere dinge wat jy nooit sal weet nie en nooit kan skryf nie – vandaar die leë bladsy."

Sy lees 'n stuk uit die boek voor waar Renée, Willem se eerste groot liefde, aan die woord is. Renée bly nou al 'n groot gedeelte van haar lewe in Frankryk en probeer met alle mag om haar Afrikaanse en Suid-Afrikaanse wortels af te skud. Van der Vyver sê daar is sekere aspekte van hierdie verfransing wat sy verstaan, "maar anders as sy, wil ek nooit afstand doen van my wortels nie".

Soos die karakter Maurice, praat Van der Vyver se seun Daniel met haar Afrikaans. Sy praat ook Afrikaans met haar dogter Mia, wat haar in Engels of Frans antwoord.

Oor Afrikaans...

"Ek is bekommerd oor die voortbestaan van Afrikaans as akademiese taal. Ek dink ook Stellenbosch het die kans gehad om bruin mense te betrek, maar in plaas daarvan het al hoe meer wit Engelse ouers hul kinders na Stellenbosch gestuur."

Slordigheid is volgens haar ook 'n bedreiging. "Ek dink die verkeerde mense voel sterk oor Afrikaans om die verkeerde redes. Jy kan jouself nie 'n vegter vir die taal noem as jy net vir wit sprekers veg nie. Jy moet darem ook 'n bietjie kan spel. Ek sê julle, hierdie mense spel selfs die vloekwoorde verkeerd!"

Die grootste misverstand in die boek is volgens Van der Vyver die gebeure waarin Willem en Jackie vasgevang word en amper slagoffers word.

"Daar is hierdie misverstand tussen kulture en onskuldige mense word in die proses afge-maai. Het ons dan nou daardie punt bereik waar mense nie meer met mekaar kan praat nie?"

– **Lynné Schoeman**

Visuele kuns



Alex Hamilton diep in gesprek met deelnemers van die kunsroete 1 se rondleiding deur GUS, waar die uitstalling Bosch in Afrika te sien is. FOTO'S: MARCHELLE VAN ZYL

'n (Kuns)fees vir die oog

Die visuele kunsprogram by die Woordfees daag uit, verstom, laat mense praat. **Marchelle van Zyl** het saam met Alex Hamilton op 'n kunstoer gegaan en gou besef die vier besoekpunte is 'n weerbesoek werd.

Visuele kunsprogram.
US Museum. Konservatorium.
GUS. Hofmeyersaal.
09:00 tot 18:00

Die visuele kunsprogram onder die kuratorskap van Alex Hamilton is hierdie jaar weer van uitstaande gehalte. Dis toeganklik, uitdagend, divers en relevant.

Die uitstallings laat die kyker besef dat ons kunstenaars regtig op internasionale vlak kan meeding met die beste.

Dis kuns wat in die sale van die wêreld hoort en hier is dit op ons voorstoep.

Daar is vier besoekpunte wat besoekers nie moet misloop nie.

Die **US Museum** is propvol uitstallings (moet nie die verskillende kamers bo miskyk nie) wat onder meer die feeskunstenaar, Athi-Patra Ruga, se uitdagende visuele en vertoonkuns uitstal. Ruga is 'n bekroonde internasionale kunstenaar en word gereken as een van die wêreld se voorste vertoonkunstenaars (performance artist).

Ander uitstallings wat jy hier nie moet misloop nie is Henk Serfontein se *Winterslaap* en die groepuitstalling *Potblou*. (Lees meer volledig oor die kuns in die US Museum op bl. 18 en 19.)

Die **Hofmeyersaal** in Kerkstraat



'n Besoeker aan die Hofmeyersaal bewonder Johan se baard in Katharine Meeding se uitstalling, 'n Eie kamer.

is 'n groep dinamiese kunstenaars met uiteenlopende temas en mediums. Van keramiek tot metaalwerk tot kunswerke wat uit tuimeldroërlint gemaak is. Kunstenaars wat hier uitstal, is Jaco Sieberhagen (in die boonste verdieping), Katharine Meeding, Mark Chapman, Adele Potgieter, Stenjwa Luthuli, Heidee Nel en Bianca Brand.

Op die hoek van Dorp- en Birdstraat is die **Galery van die**

Universiteit Stellenbosch (GUS). Hier is 'n opwindende uitstalling genaamd *Bosch in Afrika*. Sandra Hanekom is die kurator.

Dis 'n uitstalling wat jou asem wegslaan. Die kunstenaars is gevra om die wêreld van Hieronymus Bosch (1450-1516), wat allerweë beskou word as die oupa van surrealisme, hier in Afrika uit te beeld. Die uiteinde is 'n uitstalling wat uitdagend en verfrissend is. Die gehalte van die uitstalling laat

besoekers opgewonde gesels oor die visuele fees.

Dis moeilik om spesifieke kunstenaars hier uit te sonder, maar maak seker om na Henning Lüdeke se werk te kyk. Hy het Bosch se *The Garden of Earthly Delights* herskep en toe digitaal met die werk omgegaan. Jy gebruik 'n tablet as 'venster' om na Bosch se werk te kyk, waardeur Lüdeke Bosch se werk laat lewe en beweeg. Ruan Huishamen se *Ship*

of *Fools* is satiries en polities meesterlik. Dis eintlik onregverdig om kunstenaars hier uit te sonder, want die werk is so divers en uitdagend.

Soos Hanekom ook skryf: "Heironymus se uitbeelding van die gewelddadige, spirituele, dubbelsinnige onsekerheid van sy tyd word 500 jaar ná sy dood herbekyk in dié uitstalling. Soos in die vroeë Renaissance is daar vandag ook globale magsverskuiwings, en tref die kunstenaars ooreenkomste met die hedendaagse geesteswêreld, politiek en ekonomie."

In die foyer van die Endlersaal in die **Konservatorium** is 'n foto-uitstalling van Antonia Steyn se portrette wat sy van die feesdeelnemers vir die feesprogram geneem het.

En dan, asof die feeskurator nie besig genoeg is nie, bied Hamilton elke dag 'n Kuns-klets-praatjie en twee kunsrondleidings deur die uitstallings.

Daar is twee roetes wat daaglik aangebied word. Roete 1 sluit die Hofmeyersaal en GUS in. Dit vertrek vanaf die Hofmeyersaal. Roete 2 ontmoet op die museumvoorstoep van die US Museum. Staan bietjie op, rek die bene en maak seker dat jy by die galerye uitkom. Dis 'n moet vir elkeen by die fees.



Ruan Huisamen se *Ship of Fools* (bo) laat die tonge klap. FOTO: VERSKAF
Haidee Nel se *Groeipyne* (regs) in die Hofmeyrsaal en Elizabeth Balcomb se *Sorrow* (onder). FOTO'S: MARCHELLE VAN ZYL



Mark Chapman se keramiekuitstalling, *Vredesmag* (onder), is in die Hofmeyrsaal.



'n Besoeker (bo) kyk na Chris Koch se *Garden of Forbidden Fruits*. Onder is Henning Lüdeke by sy werk *Ultimate Migration*. Albei hierdie kunstenaars se werk is in GUS te sien as deel van die groeputstalling *Bosch in Afrika*. Sandra Hanekom is die kurator.



So, wat sê die mense ná die Roete 1-kunsrondleiding?



1. **Christine Loubser:** Hierdie toere is wonderlik. Dit gee vir 'n mens net 'n oorsig en 'n idee van wat aangaan. Dis vir my 'n rigtingwyser.
2. **Ingrid Malan:** Dis 'n goeie inleiding. Ek sal moet weer kom en mooi kyk.
3. **Susanne Botha:** Dis vir my beter om eers die (kuns)toere te doen en dan kan jy terugkom en meer kyk en dan het jy die agtergrond. Ek hou daarvan.

Georina Westraadt (is deeltjydse kuns-sonderwyser by die Hoërskool Bellville wat haar studente na die uitstalling gebring het. Sy was dosent by CPUT): Ek vind dat mens kinders wat nie sommer uit hul eie uit 'n uitstalling sou bywoon nie, hierheen moet bring. Ek hoop om daarmee hul idees van ander tegnieke en media te verbreed en die koppe bietjie oop te maak. Ek dink hierdie konsep van *Bosch in Afrika* is só interessant. Só vars. Die verskeidenheid media en interpretasies maak dit wonderlik. Wat my opval van die kwaliteit van die kuns op die fees, is die varsheid daarvan en die verskeidenheid van media.



Fabio Yslie (18) van die Hoërskool Bellville: Ek het baie van my vorige juffrou, Corlie de Kock, se kunswerk (*Unearthly Delights in an African Landscape*) gehou, omdat ek ook hou daarvan hoe dit geteken is. Ek streef na daai tipe styl.



Michael Casey (18) van die Hoërskool Bellville: Dis vir my baie moeilik om 'n favourite te kies. As ek een moet kies, sal dit seker *Ship of Fools* (Ruan Huisamen) wees, net omdat dit so uitstaan tussen alles. En langs dit is 'n beeld wat ook *Ship of Fools* (Ann Marais) genoem is, en dit is ook nogals vir my baie cool. En ook Corlie de Kock, my ou kunsjuffrou se goed. Die uitstallings laat my ook meer oor myself dink. Die goed wat hier is, is goed wat nie noodwendig sin maak nie, maar dit laat jou eintlik meer dink en dis goed as iets jou maak dink, dis 'n baie goeie ding.



Judith Olivier (18) van die Hoërskool Bellville: Toe ek daai Ruan Huisamen (*Ship of Fools*) sien, toe is ek soos, my lewe is volmaak, dis my mikpunt. Ek strewe daarna. Ek werk ook met charcoal en as ek dit eendag só kan doen, dan het ek my mikpunt behaal. Die verskeidenheid van kuns hier is baie groot. Die kunswerk wat in die kamertjie is (Chris Koch se *Garden of Forbidden Fruits*) – dit maak jou kop ook oop. Met al die kaal mans. En die musiek wat hulle in die agtergrond speel – dis heeltemal in kontras, want dis hierdie katedraal-kerk-musiek en dan die gays. Die uitstalling laat 'n mens besef watter talent daar buite is. En as jy self in kuns belangstel, maak dit ook jou kop oop vir dinge wat jy dalk self mag doen.



Pine Pienaar (Namibië): Vir my was dit 'n waardevolle toer. Die uniekheid van elke kunstenaar het tot my gespreek. Daar is so 'n verskeidenheid van kunsuitdrukkings wat gebruik is dat dit my geraak het. Party baie meer as ander. Jaco Sieberhagen (Hofmeyrsaal) se werk het my diep aangespreek.



Marlien Pienaar (Kunstenaar van Namibië): In die GUS hou ek die meeste van *Ship of Fools* (Ruan Huisamen). Ek dink dit is baie intelligent gebruik sonder om beledigend te wees of jou idees in iemand anders se gesig te druk. Hy het baie subtiel gebruik gemaak van metaforiese idees.

Visuele kuns

Daar is 'n groeiende opgewondenheid oor die nuwe lente wat ons kuns beleef, en vanjaar se fees bied plek om kunstenaars én jou kop groeikans te gee. **Susan Booyens** het by Rondleiding 2 ingeloer.

In dié heerlike uitstappie – wel, dalk eerder instappie, als gebeur oor twee vloere bo mekaar – neem Alex Hamilton, visuele kunskurator, jou op 'n reis van die feeskunstenaars-, solo- en groeputstallings in die US Museum.

Die vriendelike, vrolike gasheer in sy Hawaii-hemp en arty bokbaardjie verduidelik ál die keuses wat gemaak word oor die visuele kuns op die fees gaan deur hom.

“Ek probeer om visuele stories te vertel, in plaas van om uitstallings bymekaar te sit wat ‘loshangend’ is. Daar’s vir my ’n draadjie wat deur al die uitstallings loop. Omdat dit die Wóórdfees is, is stories belangrik, so ons probeer met visuele kuns dit ook doen.”

Alex en **Athi-Patra Ruga**, oorspronklik van Umtata in die Oos-Kaap, loop mekaar glo gereeld in die Woolies in Seepunt raak, en dis sommer daar waar vanjaar se feeskunstenaar met sy groeiende wêreldfaam vir die Woordfees vasgeknop is – ’n baie groot coup, aldus die kurator.

“Een van die groot redes hoekom ek hom genooi het, is omdat ek voel hy is ’n Suid-Afrikaanse kunstenaar wat baie uniek werk, hy verteenwoordig ons op soveel vlakke. Selfs as hy internasionaal werk, verwoord hy die psige van ons land, die probleme, maar ook die wonderlike diversiteit. Dit word alles vasgevang.”

Athi het al by die Guggenheim-museum in Bilbao en die Tate Modern in Londen uitgestal en is ook ingesluit in *Younger than Jesus*, die uitgewer Phaidon se boek oor die 500 beste kunstenaars in die wêreld jonger as 33.

Sy glinsterende en helderverligte, verleidelike beeldhouwerk *Proposed Model for Tseko Simon Nkoli Memorial* met goue rose, kristalle en kralerwerk en spatsels rooi begroet jou as jy instap, en die rondgeleide groep is duidelik gefassineer daardeur. Ook die talle tapisserieë en foto's en video's van sy performancekuns word entoesiasies bespreek. Volgens Alex bied die feesuitstalling 'n goeie oorsig van sy loopbaan van 12 jaar.

Athi het grootgeword omring van gildes van vroue wat klere maak en die oorgelewerde vaardigheid om tapisseriewerk te



Feeskunstenaar Athi-Patra Ruga se werk *A vigil for Mayibuye* (uit die *Exile*-reeks).

‘Kom, laat ek jou wys...’



Kunskurator Alex Hamilton gesels oor Collen Maswanganyi se werk. FOTO: SUSAN BOOYENS

doen. “Hy werk daarmee, want dis sy passie om terug te gee en dit lewendig te hou.”

Op 'n vraag oor talle van die tapisserieë wat so skeef is, lag Alex.

“Alles is skeef,” en verduidelik ’n tapisserie trek vanself skeef as jy hom maak. Om nie die werk te

beïnvloed nie, hou Athi dit in die rou staat soos dit uit die hande van sy span werkers kom, en stal dit so uit. “Hy is ’n anti-tradisionalis, en hy trek dit dwarsdeur na sy groot temas, soos diskriminasie teen jong mense.” Die groep vra uit oor sy avatars, die personas wat hy

skep, en ons gids verduidelik dié ikone wat groter probleme in die wêreld verteenwoordig. ’n Flamboyante, uitdagende en indrukwekkende keuse as feeskunstenaar, is die slotsom.

Op met die trappe en regs is die feesuitstalling **Deur die bome die**

bos nie sien nie (*To see the forest for the trees*). Die brief wat Alex vir die kunstenaars gegee het, is hoe kyk ons na die wêreld rondom ons, wat is waar en wat is nie waar nie, veral in die era waarin ons leef.

“Ek het dit bymekaar gesit voor ons ‘fake news’ gehad het! Maar dit is daarop gebaseer, wat glo jy, wat kan jy sien is waar, en wat is nie waar nie. Dit is die oorkoepelende tema. Wat toe ook gebeur het, is die kunstenaars het begin werk met fragmentasie, en hoe goed opgebreek word.

“Al die solokunstenaars van verlede jaar is genooi om deel te wees van groepsuitstallings, dat hulle nie net hier is vir een jaar en dan verdwyn nie. So, ons probeer die kunstenaars bietjie van ’n legacy gee by die Woordfees.”

Van **Hannalie Taute** se eenogige swart kreatuurbeeld *Wat kyk jy?* in die rondte tot by **Robert Hamblin** se abstrakte fotofragmente van goue sonsondergange op die water aan die oorkant, is daar veel om te sien en te bewonder. Alex lig **Nhlana Nhlapo** se selfportrette uit as beste beleggingswerke op die fees: “Louis Janse van Vuuren het klaar vir hom ’n pos aangebied om gaslektor te wees in portretstudie”; **Anthony Harris** se postapokaliptiese alternatiewe landskappe “in vergelyking met die tipiese, mooi ‘huisie, boompie, stroompie’ wat ons gereeld kry”; en **Vusi Beuchamp**, “een van ons groot nuwe popkunstenaars”.

Die groep is nuuskierig oor **Varenka Paschke** se sirkel van wit keramiekborsbeelde met vrouename en hul boogskiet-teikens: Alex sê dit gaan oor die aanval op Afrikaans en wie is die slagoffer?

Op met ’n kort trap na **Christiaan Diedericks** se werk – papier, lino- en linosneë op antieke papier, beelde en kunstenaarsboeke – in *Die brandende biblioteek*. Al sy handgemaakte boeke vir die heel eerste keer in een vertrek, vertel Alex.

“Hy het basies hierdie museum gebou en van sy materiaal gebring. Dis asemrowend om boeke só as ’n kunswerk te sien. Dis nie ’n algemene kunsvorm nie, en as hy meer as een maak, is daar versamelaars oor die wêreld heen wat dit dadelik opraap.”



Bo: Jenny Parsons se *Weed* is landskappe wat onkruid gebruik as metafoor vir menslike bewoning.

Onder: Hannalie Taute borduur op ou trekkerbinnebande.



In Winterslaap maak Henk Serfontein houtskool- en gemengededia-tekeninge op papier van Wilma Stockenström.

Ons stap oor die gang na Collen Maswanganyi se uitstalling *Pruning / Ku thena*, lang, fyn hout-figure en beelde vol spiritualiteit, kleur en humor, “wat snoei bekyk as manier om weg te sny – maar dit groei weer. Die wegsny laat die lewe weer uitspruit.”

Langsaan sluit Jenny Parsons by die omgewingstema aan met haar kontemporêre woonbuurt-landskappe in onder meer heldergeel, groen en turkoois in *Weed*. Soos ons gids oor haar skilderkuns verduidelik: “Wanneer het ons besluit sekere blomme is onkruid – en maak ons sulke besluite op ander vlakke ook? Onkruid kan baie mooi wees.” Die gesprek wentel gou na wie en wat is die ware indringers, en Alex grinnik oor die mag van verf op doek.

En dan volg ’n verruklike verrassing: *Potblou / Blou Pot*. Ons kurator het verlede jaar die idee gehad om keramiek te meng met ander mediums, en met dié woordspel “ontsettend lekker resultate gekry”. Hy’t nege keramiek-kunstenaars gevra om ’n blou pot te maak, en die enigste kriteria was om dit vir nege ander visuele kunstenaars te gee om te interpreteer. “Hulle het dit gebruik as muse, as inspirasie, ’n wonderlike collaborative manier van werk.”

En van ’n vrugbare kunstenaarsgesprek stap ons deur nog ’n deur en word sprakeloos gelaat deur Henk Serfontein se *Winterslaap*. Volgens Alex is dié groot houtskool- en gemengededia-tekeninge op papier van die slapende digter Wilma Stockenström,



Clementina van der Walt se pot *Dancing blue flames* (regs) was die inspirasie vir Marike Kleynscheldt se stillewe *Die blou van onthou in Potblou / Blou Pot*.



Links: Varenka Paschke se vroulike keramiekborsbeelde en hul boogskiet-eikens bekyk die aanslag op Afrikaans.

FOTO: JOHNN-GRANT MUNRO

lewe. Maak tyd en gaan kyk. Om, soos ons gids pleit, te begin om die diepte van tegniek te waardeer, en die sensitiviteit.

Die laaste vertrek op die toer behoort aan gaskurator Banele Khoza: Khula Ukhokhobe / *Grow and Reach Your Prime*, wat fokus op groei binne ’n groep van ses kunstenaarsvriende. Volgens Alex is dié “vibrant jong kunstenaar en

geïnspireer deur haar gedig met dieselfde titel, “ontsettend gewild en het reeds wye mediadekking

gekry”. ’n Ragfyn, roerende studie van verganklikheid, haar rustige gesig ’n padkaart van ’n kreatiewe

kurator” – wat gevra het hy wil liever nie ’n solo doen nie en eerder sy medekunstenaars betrek – se klein waterverfies ook uitstekende beleggings. En hy beskryf skilder Heidi Fourie se werk as “asemrowend”.

Op daardie noot kom Rondleiding 2 tot ’n einde. In sy kuratorsrede het ons gids verwys na “die nuwe lente wat Suid-Afrikaanse kuns beleef”. Ná die proe van net helfte van die kunsbuffet op vanjaar se fees kan mens meer as instem oor die bloeytyd. En watertand oor wat vorentoe wag.

Kunsrondleiding: Roete 2. Visuele kuns. US Museum. Vandag om 09:00, 11 Maart om 15:00.

DStv
Premium



VOLG DIE SPANNING

DIE BOLAND MOORDE

DINSDAE

20:00

kykNET.TV #BOLANDMOORDE

kykNET
KANAAL 144